# Aanhangsel A: Bekendstellingsbrief aan respondente

Januarie 2004

Geagte Respondent

Baie dankie vir u bereidwilligheid om my met my studies van hulp te wees – dit word opreg waardeer. Ek is tans in die finale fase van my Meestersgraad in Navorsingsielkunde waarvan die tema is:

*Die belewing van stres by die vroulike bestuurder*

In hierdie fase van my studies word daar van my verwag om met verskeie vroulike bestuurders onderhoude te voer rakende bogenoemde tema. Hierdie onderhoude sal in die vorm van in-diepte, een-tot-een onderhoude geskied waartydens verskeie vrae aan respondente gestel sal word.

Vir die doeleindes van die studie is dit nodig dat al die onderhoude op band opgeneem word en later volledig getranskribeer word.

Ek onderneem vervolgens dat u identiteit, asook die inligting aan my verstrek, onder geen omstandighede aan enige persoon of instansie bekend gemaak sal word op so ‘n wyse dat dit sal kan lei tot die openbaarmaking van enige partye se indentiteit nie.

Ek onderneem om aan die einde van my studies aan u persoonlik, asook u firma  terugvoer te gee rakende die uitslag van my studie sodat u eerstehands die resultate kan bestudeer.

Datum van onderhoud: ______________________________
Tyd van onderhoud: ______________________________
Plek: ______________________________

Vriendelik die uwe

_______________________
Therèse Steyn